

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
DEPARTEMENT CHEMIESE INGENIEURSWESE**

RIGLYNE VIR PRAKTYKOPLEIDING

A. Opleiding tussen die TWEEDE en DERDE studiejaar

1. Proseswerk op 'n chemiese aanleg. Inleiding tot prosestoerusting en aanlegbedryf, skofwerk, beheerkamer- en ondersoekwerk op die aanleg.
2. Materiaal- en energiebalansprobleme en -ondersoeke.
3. Prosesdoeltreffendheid en ekonomie.
4. Chemiese ingenieurswese navorsing - verkieslik van 'n praktiese aard.

B. Opleiding tussen die DERDE en VIERDE studiejaar

1. Algemene werk op 'n chemiese aanleg - veral produksie en prosesgeorieerd - insluitende instandhoudingsbeplanning, ondersoeke na die doeltreffendheid van produksie eenhede, algemene organisasie, konstruksie, ens.
2. Ontwerp en beplanning van uitbreidings, insluitende ekonomiese aspekte.
3. Ontwerp en evaluering van moontlike prosesveranderings en/of nuwe projekte.
4. Projekte van 'n navorsings- en ontwikkelingsaard.

C. Algemene riglyne

1. Dit sal veral waardevol wees as aan studente probleme gestel word wat hulle self moet uitspook en wat dan die basis van praktiese opleidingsverslae en klasbesprekings kan vorm.
2. Dit word aanbeveel dat 'n volledige praktiese opleidingsprogram vooraf uitgewerk word en dat die student 'n afskrif daarvan kry.
3. Indien enigsins moontlik, moet die student direk onder 'n ingenieur werk. Dit is verder noodsaaklik dat die student te alle tye weet wie sy/haar onmiddellike hoof is.
4. Die student trek maksimum voordeel uit die praktykopleiding as die probleem waaraan hy/sy werk bekend is en as daar 'n baie duidelike doelwitstelling is.